## 2. Begroting van 'n sakeonderneming ?

Die funksie van 'n begroting van 'n sakeonderneming staan ook bekend as bestuursrekeninkunde. Bestuurders gebruik inligting uit begrotings om vir die toekoms te beplan en en besluite te neem.

Sakeondernemings gebruik 'n begroting om te kontroleer hoeveel geld bestee sal word. Die inligting uit die begroting word met werklike inkomstes en uitgawes vir 'n spesifieke tydperk vergelyk.

Daar word verskillende soorte begrotings opgestel. In groot besighede stel elke departement sy eie begroting op. Hierdie verskillende departemente se begrotings word ook bymekaar gevoeg om 'n enkele groot begroting te vorm. Kyk na die volgende :

| **Sakeonderneming se inkomste** | **Sakeonderneming se uitgawes** |
|---|---|
| Dit is al die geld wat die onderneming ontvang :<br>❖ ***Bedryfsinkomste*** uit verkope of dienste gelewer<br>❖ Rente – inkomste, wat rente is op spaargeld of beleggings wat ontvang is<br>❖ Ander inkomstes soos huurinkomste en kommissie – inkomste<br>❖ Geld ontvang van lenings of addisionele kapitaal bygedra | Die volgende is items waarop die besigheid geld sal uitgee \ bestee :<br>❖ ***Kapitaaluitgawes*** met die aankoop van bates<br>❖ Uitgawes om die besigheid te bedryf, genaamd ***bedryfsuitgawes***<br>❖ ***Finansieringsuitgawes*** – wanneer geld geleen of op krediet (skuld) gekoop word |

**Voorbeeld – Begroting vir 'n klein sakeonderneming**

Mara Jooste besit 'n klein bakkery. Sy het altyd net aan die publiek verkoop, maar die eienaar van 'n hotelgroep het haar genader om vir die nuwe hotel te bak. Sy sal elke dag vars produkte moet aflewer en die eienaar sal haar by aflewering betaal. Mara is baie opgewonde, maar besef ook dat sy nie hierdie werk kan aanvaar sonder ekstra oonde en meer personeel nie. Sy besluit om haar verwagte uitgawes vir die drie maande – Januarie tot Maart, neer te skryf :

| **Verwagte uitgawes vir Januarie tot Maart 2020** | |
|---|---|
| Maandelikse huur | R 4 600 |
| Tweedehandse oonde (in Januarie gekoop) | R 20 900 |
| Kombuistoerusting (in Januarie gekoop) | R 9 500 |
| Maandelikse water en elektrisiteit | R 2 200 |
| Rente op oortrokke rekening (Februarie) | R 150 |
| Maandelikse salarisse | R 16 000 |
| Maandelikse selfoonrekening | R 800 |
| Maandelikse bestanddele vir bestellings | R 2 600 |
| Maandelikse skoonmaakmiddels | R 930 |
| | |

Haar verwagte maandelikse inkomste is R 43 000.
Mara ontvang ook elke maand rente van R 800 op 'n belegging.
Sy het R 18 000 in haar bankrekening en sal dit moet gebruik om haar deur die eerste paar maande te kry.

| Mara se bakery : Begroting vir die tydperk Januarie tot Maart 2020 | | | |
|---|---|---|---|
| **Inkomste** | **Januarie** | **Februarie** | **Maart** |
| Bedryfsinkomste : Verkope | 43 000 | 43 000 | 43 000 |
| Bedryfsinkomste : Belegging | 800 | 800 | 800 |
| **Totaal INKOMSTE** | **43 800** | **43 800** | **43 800** |
| **Minus UITGAWES** | **(57 530)** | **(27 280)** | **(27 130)** |
| **Kapitaaluitgawes** | | | |
| - Tweedehandse oonde | 20 900 | | |
| - Kombuistoerusting | 9 500 | | |
| **Bedryfsuitgawes** | | | |
| - Huur | 4 600 | 4 600 | 4 600 |
| - Water en Elektrisiteit | 2 200 | 2 200 | 2 200 |
| - Salarisse | 16 000 | 16 000 | 16 000 |
| - Selfoonrekening | 800 | 800 | 800 |
| - Bestanddele | 2 600 | 2 600 | 2 600 |
| - Skoonmaakmiddels | 930 | 930 | 930 |
| **Finansieringsuitgawes** | | | |
| - Rente op oortrokke rekening | | 150 | |
| **Totale UITGAWES** | **(57 530)** | **(27 280)** | **(27 130)** |
| **Oorskot \ Tekort** | **(13 730)** | **16 520** | **16 670** |
| **Bankbeginsaldo** | **18000** | **4 270** | **20 790** |
| **Bankeindsaldo** | **4 270** | **20 790** | **37 460** |

Daar is 'n **TEKORT** in Januarie, omdat die inkomstes minder is as die uitgawes.
Negatiewe syfers word in hakies aangedui.
'n **Surplus** word bygetel (of van die tekort afgetrek) by die beginsaldo om die eindsaldo te bereken.

Sakeondernemings moet ook beplan om bates aan te koop en dit vermy om op krediet te koop, aangesien die skuld dan met rente ook terugbetaal moet word.
Sakeondernemings sal spaargeld nodig hê vir :

- Die aankoop of opgradering van duur bates
- Noodgevalle soos diefstal, brand, ongelukke of herstelwerk aan bates
- Uitbreiding en groei van die sakeonderneming

**Opsomming** :

- **Begroting** – 'n Plan oor hoe om toekomstige inkomstes te bestee
- **Persoonlike inkomste** – Die bedrag wat 'n individu verdien by sy werk, uit beleggings of deur sy eie onderneming te bedryf
- **Persoonlike uitgawes** – Die geld wat deur 'n persoon of huishouding bestee word
- **Sakeonderneming se inkomste** – Geld wat verdien word uit besigheidsbedrywighede, rente – inkomste of ander inkomstes soos huur – inkomste en kommissie – inkomste
- **Sakeonderneming se uitgawes** - Geld wat aan kapitaaluitgawes, bedryfsuitgawes en finansieringsuitgawes bestee word
- **Persoonlike begroting** – Bereken deur die persoonlike uitgawes van die persoonlike inkomstes af te trek
- **Surplus** – Wanneer die inkomstes meer as die uitgawes is
- **Tekort** – Wanneer uitgawes meer as die inkomstes is
- **Sakebegroting** – Word bereken deur die uitgawes van die inkomstes af te trek.
    - 'n Surplus word by die bankbeginsaldo getel om die eindsaldo te bereken
    - 'n Tekort word van 'n bankbeginsaldo afgetrek om die bankeindsaldo te bereken

## Aktiwiteit : Stel 'n sakeonderneming se begroting op ____________

LEES DIE VOLGENDE NOUKEURIG DEUR EN BEANTWOORD DIE VRAE WAT VOLG.

**Themba Mathe bedryf 'n klein rekeningkundige firma, genaamd TM Rekenkundige Diens.
Hy het 22 kliënte en vra elkeen R 1 400 per maand om hulle onderneming se boeke te doen.
Hy het 'n voltydse boekhouer en 'n ontvangspersoon in diens.**

**Sy verwagte maandelikse uitgawes is soos volg :
Huur R 3 900 ; Salarisse R 14 000 ; Water en Elektrisiteit R 700 ; Skryfbehoeftes R 900 ; Telefoon R 750 en terugbetaling van lening R 800.**

**Themba verkoop faktuurboeke vir 'n drukkery en verdien 'n kommissie van R 2 500 per maand. Hy wil in Januarie 'n skootrekenaar en drukker vir R 15 000 koop. Hy het aan die einde van Desember 2019 'n saldo van R 1 400 in sy bankrekening gehad.**

**Doen die volgende :
Stel 'n begroting vir TM Rekenkundige Dienste vir Januarie 2020 op. Gebruik dieselfde formaat as die een op bladsy 34.**

| TM Rekenkundige Diens : Begroting vir Januarie 2020 | |
|---|---|
| **Inkomste** | **Januarie** |
| | |
| | |
| Totaal INKOMSTE | |
| Minus UITGAWES | |
| **Kapitaaluitgawes** | |
| - | |
| - | |
| **Bedryfsuitgawes** | |
| - | |
| - | |
| - | |
| - | |
| - | |
| - | |
| **Finansieringsuitgawes** | |
| - | |
| Totale UITGAWES | |
| Oorskot \ Tekort | |
| Bankbeginsaldo | |
| Bankeindsaldo | |